MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

8 April 2021

OB 8 – 2021: Beheerliggaam ampsdraers; Uitslae: Kleure-atletiek

Beste Ouers

Beheerliggaam
U is reeds bewus daarvan dat 'n nuwe beheerliggaam op 30 Maart 2021 verkies is. Ons het hulle aan u bekendgestel op 31 Maart 2021. Intussen is die ampsdraers verkies en dit is vir my aangenaam om hulle as volg aan u bekend te stel:

Ampsdraers	**Ander lede**
Voorsitter: Mnr. Pieter Stemmet	Me. Lizanne van Eeden
Ondervoorsitter: Mnr. Burger Conradie	Mnr. Anton Rautenbach
Tesourier: Mnr. William James Bussell	Me. Madelene Victor
Sekretaresse: Me. Li-Anne Hagen	Me. Annie Wigmore
	Mnr. Jan Krüger

Hartlik geluk met u verkiesing, ek glo die Montie-ouers sal u steun in u taak. Die ander portefeuljes is geïdentifiseer en sal aan u deurgegee word sodra dit gefinaliseer is.

Kleure-atletiek 2021 uitslae
Baie dankie aan die atlete wat deelgeneem het dié jaar. Die uitslae was as volg:

Die prestasie vir die beste dogtersatleet in die grondslagfase is verower deur Amy Fluks. Die beste seunsatleet in die grondslagfase is verower deur Viljoen Conradie. Die junior Victor Ludorum is deur Jenö Jacobs verower. Die junior Victrix Ludorum is deur Layla Vorster verower. Vir die seniors het Raydon Williams die Victor- en Corli Gous die Victrix Ludorum verower. Die beker vir die Beste Prestasie word (volgens die ASA-tabelle) aan Manique Victor toegeken vir gewigstoot.

Rekords tydens die Kleure-atletiek:

S12	Diskusgooi	Zaun Marthinus	28,74m
S12	Gewigstoot	Zaun Marthinus	11,20m
S13	Diskusgooi	RW van Deventer	35,82m
S12	150m Hekkies	Raydon Williams	23,98s
S12	75m Hekkies	Raydon Williams	13,35s
S12	Hoogspring	Raydon Williams	1,40m
S7	80m	Viljoen Conradie	14,02s
D8	80m	Amy Fluks	13,82s
D8	60m	Amy Fluks	10,20s
S10	80m	Jenö Jacobs	11,65s
S11	Gewigstoot	Zack Roos	11,13m

Baie geluk aan dié spog-prestasies. Tans weet ons nog nie presies of daar verdere byeenkoms later in die jaar gaan wees nie. Laerskool Montagu gaan wel op 22 Oktober 2021 aan Laerskool Bredasdorp se Top 10 Atletiek byeenkoms deelneem. Ons sien daarna uit om weer ons volgende Kleure-atletiek in volle glorie te hou, met massadeelname, sang, dirigente en die lekker gees om die baan.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080